

**22 Februarie**

**Levitikus 2**

***Jesus en die graanoffer***

"Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld; wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade?"

Hierdie Psalmwoorde weerspieël die gees en bedoeling van die graanoffer. As die Here geseën het is jou hart vol dankbaarheid. God sê: Bring dan 'n offer van fynmeel. Graan waaraan arbeid bestee is. Wat jy voorberei het. Dit is jou gawe aan die Here. Jou dankie-sê gaan gepaard met sorg. Jy vertroetel dit. As jy dan jou tjek skryf of jou geld toevou in die koevert dan is dit nie gedagteloos nie. Nie die betaal van 'n rekening nie. Jy het dit in jou siel deurleef. Dit is jou dankoffer aan die Here. By die graanoffer is olie, wierook en sout gevoeg. Olyfolie teken die Heilige Gees wat in jou hart die behoefte lê om te dank. Wierook laat die geur van die gebed opgaan: Here, ontvang my gawe. Sout teken God se Verbondstrou waardeur Hy steeds sy beloftes hou en vir jou sorg. Die graanoffer is niks anders as die teruggee aan God van dit wat Hy aan jou gegee het nie. In Jesus het God die grootste gawe aan ons gegee, daarom kan ons ook die res van Psalm 116 sing: "Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld". So bring ek aan God my geestelike dankoffers (1 Pet 2:5,9).

Sing: Psalm 116:7

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)